STAATSREDE: Bid dat dié voornemens en beloftes in die staatsrede van pres. Ramaphosa wat in lyn met God se wil is, tot uitvoering gebring sal word.

Adverteer @ R30 per advertensie. Bring info (30 woorde of minder) na die kerkantoor voor/op Donderdag om 12:00, skakel 082 829 2062 of epos na gwonderboom@gmail.com.

**Was 'n Woef** mobiele was-eenheid met warm water in die gemak van jou erf. Was, dip + naels knip. Ontwurming opsl. Ons pas ook diere op tydens vakansies. **Linda 084 344 7993**

**Vrystaat lamsvleis te koop:** Heel & halwe lam—R115 p/kg. Vakuum verpak.
Heel blad / tjops (6 per pakkie) —R139 p/kg
Heel boud / tjops —R 139 p/kg
Ontbeende skaaprol—R179 p/kg
Lam sosaties gemarineer—R179 p/kg.
Kontak **Susan 083 384 1747** met jou bestelling


**Oondgedroogte sekelbos** te koop @ R 24 'n sakkie. Kontak **Dawid 078 500 7356** vir jou bestelling

**CLE Finansiële Dienste FSP 12700** Beskerming, spaar, beplanning ens. Kontak ons vir enige raad en bystand rakende sakeversekering, pensioen- en voorsorgfondse, lewensversekering, testamente, effektetrusts, aftreebeplanning, beleggings, ens.
**Carel Hollenbach 082 901 2441**

**Steeds Donkie**: NG Overkruin Vrydag 11 Maart 2022 om 19:00. Kaartjies is by die Kerkkantoor beskikbaar @ R110 vir volwassenes en R60 vir kinders

**R $ £ € FSP 589**
Skakel ons vir inligting, advies en bystand aangaande beleggings wêreldwyd.
**SA Batebestuur 012 567 7657**

Mag jy 'n wonderlike Valentysdag môre hê, gevul met God se liefde!




# GEBEDSBRIEF
## Wonderboom Ned. Geref. Gemeente
## 13 Februarie 2022

**Besoek ons WEBTUISTE:**
**www.ngkwonderboom.co.za**

Bid asseblief dat ons **EREDIENSTE** egte- en verrykende ontmoetings met God sal wees!

Welkom aan elkeen wat vandag saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Geluk aan dié wat die afgelope of komende week verjaar/het!

| LERAAR | TEMA | TEKS |
|---|---|---|
| Dr Nelius Steyn<br>09:00 | Die hart van Christen skap | 1 Korintiërs 15:19<br>"As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerens-waardigste van alle mense. |
| Ds Lendus de Villiers<br>Soetdoring<br>09:00 | Moenie die roete-bakens skuif nie | Psalm 32:8<br>Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. |
| Dr Nelius Steyn<br>Overkruin<br>18:00 | Die Crux van ons geloof! | 1 Korintiërs 15:20<br>Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het. |

**Nuwe Intrekkers/Besoekers**

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers!

**Siekes**

Nora Wallis, Elma van Niekerk, Jumarie Froneman, Blackie Swartz, Marelize Cordier en Willa Human.

**Bedroefdes:**

Annetjie van der Walt en haar familie met die afsterwe van hulle geliefde, Kallie v/d Walt. Sy gedenkdiens was reeds Vrydag. Ds. Ernest Muller (vroeër van Florandia) en sy familie met die afsterwe van sy vrou Cathra Muller.

**Kategese:**

Die **Junior Kategese** (GrR-6) vind vanoggend na die ere-diens in die kerkgebou plaas. Vir navrae kontak dr. Nelius Steyn (082 890 8820) of Elize Steyn (061 234 5750).

Die **Senior Kategese en Belydenisgroep** (Gr7-11) is vanaand na die aanddiens by Overkruin. Skakel ds. Elané Sassenberg (072 974 1864) of dr. Nelius Steyn (082 890 8820) vir navrae.

**WSA—Wonderboom Senior Aksie**

Ons eerste byeenkoms vir die jaar vind plaas op **16 Feb 2022 om 11:00 in die Kerksaal.** Die immergewilde Chris Coetzer kom ons vermaak met sang en musiek. Kostes beloop R60 per persoon wat 'n ligte middagete en iets te drinke insluit. Bevestig asb jou bywoning by Hester 082 780 6349, Lynne 082 566 8941 of Rina 073 162 8595 voor of op Maandag 14 Febuarie 2022.

Met die **Week van Gebed** het ons aangesluit by ons jaartema vir **2022**: **Soek en leef God se droom!**

Son 6 Feb ons gekyk na God se droom vir ons uit 1 Petrus 2:9. Gelowiges is die belangrikste "ampte" in die kerk wat as konings, priesters en profete onder Christus se heerskappy moet leef, dien en getuig. Maan 7 Feb het ons gehoor uit Jeremia 1 dat God se droom baie groter is as ons drome en dat ons God se verteenwoordigers is in 'n baie groter plan as wat ons dink! Dins 8 Feb het ons vanuit Jeremia 29 tot die skokkende besef gekom dat God se droom dikwels van ons drome verskil en selfs lynreg daarmee bots! Woens 9 Feb het ons uit Psalm 122 en ander Pelgrimspsalms gehoor dat God se droom vir ons 'n gesamentlike pelgrimsreis is, waarin ons saam in afhanklikheid van God, sy droom vir ons soek en deel. Don 10 Feb was die tema: Soek, vind en gehoorsaam God se droom! Vanuit 1 Petrus 3:8-18 het ons geleer dat gehoorsaamheid aan God om sy droom vir ons te verwesenlik 'n spesifieke gesindheid teenoor mense, fokus en vertroue op God, 'n daaglikse toepassing en onselfsugtige offervaardigheid vra. **Kom ons gaan soek, vind, leef en gehoorsaam dan God se drome vir ons!!!**

**CORONA GEBED:**

Bid vir ons land en vir die wêreld:

406 562 400 mense wêreldwyd het die virus gekry. 326 618 265 (80,34%) het gesond ge-word en 5 809 100 (1.43%) gesterf.
4 854 095 385 [62,23%] van die wéreld is inge-ent.

In Suid-Afrika het 3 634 811 mense dit gekry, 96 705 (2,66%) gesterf en 3 494 016 (96,12%) gesond geword. Daar is reeds 30 189 744 inentings in RSA gedoen. (Stats: Covid Visualizer 11 Feb 2022 om 06:00).

**Liefdesgawes**

Baie dankie aan elkeen wat getrou 'n offergawe gee! U dankoffers word waardeer!
U kan u dank-offer EFT of Zapper skandeer of 'n koevert by die kerk se posbus ingooi. Ons bankbesonderhede is:

NG Gemeente Wonderboom, ABSA Tjek-rekening,
Reknr: 526 015 1136
Sinoville Tak 632005.